# GEREGTIGHEID EN LIEFDE IN ONS VOLKERE-VERHOUDINGE

## 1. Inleidend

1.1. Terwyl ek die Hoofbestuur van die G.T.V. bedank vir die uitnodiging om die jaarlikse samekoms toe te spreek oor dié besondere onderwerp, behoort dit terselfdertyd duidelik te wees dat ek my nie die kennisagtergrond en geskooldheid van 'n opgeleide teoloog mag toeëien nie. Ek sien my taak hoogstens as 'n gesprek van 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk met predikante en teoloë van dié kerkverband.

1.2. Hierdie posisie lê my twee beperkinge op. Die eerste is dat dit nie nodig en ook nie moontlik sal wees om 'n teologiese en eksegetiese uiteensetting van die kernbegrippe, nl. geregtigheid en liefde te gee nie. Daarby mag in my benadering die praktiese dalk meer klem ontvang as die prinsipiële, die lewe meer as die leer.

## 2. Liefde en geregtigheid: die sinode van 1961

2.1. Liefde en geregtigheid — in hierdie volgorde — is deur die sinode van 1961 gestel as die Skriftuurlike riglyne vir tussenvolkse betrekkinge. Dit is opmerklik en tersake dat in die sinodebesluite, anders as in die opdrag aan die kommissie op wie se rapport die besluite geneem is, nie meer uitsluitlik sprake is van *rasse* nie maar dat die aksent verskuif het na *volke*. Daartoe het die bevindinge van die kommissie self aanleiding gegee. Die vraagstuk word nou gesien in die lig van „menslike verhoudinge", van „individu teenoor individu en van volke teenoor volke" (1961, p. 116, VII. D.). Verderaan (1961, p. 117—118, b. ii, vii, viii en p. 119, c. vi) word *rasse*verhoudinge nog ter sprake gebring maar dan as sekondêr teenoor volke.

2.2. Onder afdeling D. a. (Persoonlike Verhoudinge) stel die sinode dan o.a. „(i) sentraal staan hier die gebod van die *liefde teenoor die naaste*" (1961, p. 116) en „(iii) naas die beginsel van die liefde moet ook dié van *geregtigheid* gehandhaaf word" (1961, p. 116). Geregtigheid word hier gestel as vrug van die liefde, derhalwe die besondere volgorde.

2.3. Ter sake is hier waarskynlik ook die motivering vir en implikasies van genoemde gebod en beginsels.

2.3.1. Onder die hoof *persoonlike verhoudinge* word o.m. gestel:
dat God al die nasies van die mensdom uit één bloed gemaak het;
dat elke mens na die beeld van God geskape is;
dat daar vele ongelykhede t.o.v. gawes e.d.m. onder mense bestaan maar dat by God geen aansien van die persoon is nie.

2.3.2. Vir sover dit *kerklike verhoudinge* betref, word die volgende o.a. ter sprake gebring:
die geestelike eenheid van die kerk lê op 'n dieper vlak as die natuurlike en organisatoriese;
by die kerklike instituering moet beide geestelike eenheid en

organisatoriese verskeidenheid tot uiting kom;
die nagmaal is 'n saak van die plaaslike kerk en mag nie misbruik word as 'n demonstrasie vir ekumeniese eenheid nie.

2.4. Anders as in die kommissierapport word in die sinodebesluite niks eksplisiet bewoord oor twee verdere aspekte wat later herhaaldelik ter tafel sou kom nie en wat terselfdertyd die twee belangrikste kritiekpunte vanuit die kerklike sowel as buite-kerklike wêreld teen Suid-Afrika en die houding van die gereformeerde kerke sou word. Dit geld die verbod op rasgemengde huwelike en die saak van gemengde aanbidding as konkretisering van die voorgaande en feitlik algemeen aanvaarde beginselformules. Hiervan is die toetssteen gemaak vir die opregtheid en eerlikheid van die beginselbelydenis.

2.5. Deel IV. 1. c. (1961, p. 95 e.v.) handel spesifiek oor die saak van „deelname van nie-blankes aan die kerklike lewe van blankes" met die duidelike vraag: „Kan nie-blankes ook opgeneem word as lidmate van die blanke kerke of kan hulle daar as gaste die Heilige Nagmaal gebruik of die erediens bywoon?" Drie moontlikhede is dus voorsien.

2.5.1. Op vraag 1 kom die kommissie tot die bevinding dat „hierdie opening oor die algemeen nie as *wenslik* beskou (word) nie" (p. 95) terwyl op die volgende bladsy die stelling lui dat dit „nie alleen ontmoedig nie maar ook afgekeur word". Die antwoord is derhalwe eerder *prakties* as prinsipieel geformuleer maar uit die bewoording kan tog afgelei word dat rasgemengde kerklidmaatskap (op gemeentelike vlak) *nie* Skriftuurlik verbode is nie.

2.5.2. Die saak van die Nagmaalsgebruik word met die volgende stellinge beantwoord:

„Die Nagmaal is dus geensins bedoel om 'n vertoning te wees van 'n eenheid tussen mense van verskillende gemeentes... of kerklike verband nie. Afgesien van ander redes kan 'n nieblanke dus alleen hierom nie tot die nagmaal in 'n blanke erediens toegelaat word nie, omdat hy 'n lidmaat van 'n ander gemeente en kerkverband is" (p. 97).

2.5.3. Hier is die motivering sterk kerkregtelik gekleur en rus die argument op die uitgangspunt van afsonderlike kerklike organisasie. Die konklusie is m.i. veels te rigoristies selfs in terme van gereformeerde kerkreg omdat dit nie in aanmerking geneem het dat die nie-blanke 'n lidmaat van 'n ander plaaslike kerk maar uit dieselfde kerkverband kon wees nie.

2.5.4. Oor die derde vraag: of dit wenslik is om nie-blankes in 'n erediens vir blankes toe te laat? is die antwoord duideliker prinsipieel bewoord en gemotiveer. „Die erediens is ... 'n ope diens ... en daar kan dus op suiwer Skriftuurlike gronde ... geen besware wees teen die bywoning van 'n erediens vir blankes deur nie-blankes nie". Na hierdie uitspraak stel die verslag presies dieselfde m.b.t. die bywoning van die nagmaal ongeag wat in 2.5.3. hierbo gestel is.

2.6. Hoewel die kommissie die saak van gemengde huwelike nie by die naam noem nie, bevat dit tog verskeie beginseluitsprake

wat aan die wortel daarvan lê. Onder die hoof *Konklusies i.v.m. die Ou Testament* (1961, p. 67, p.) lui dit: „Nêrens in die Ou Testament is daar enige aanduiding dat vermenging tussen individue of reste van verskillende rasse en volke sondig is nie". Dit word egter gevolg deur 'n waarskuwing teen die versaking van die volksidentiteit en -roeping. Op p. 70 (oor die Nuwe Testament) lees ons: „Dit (die geslagsregister van Jesus — J.H.C.) bevestig die feit dat dit in die Ou-Testamentiese verbond op vermenging nie gegaan het om suiwerheid van bloed nie . . ." En op p. 84 (i) word die biologiese soortverskeidenheid in die diereWêreld gestel teenoor die homogeniteit van die menslike geslag. Ook hier word verwys na prakties-sedelike oorwegings met betrekking tot „onbetamelikheid of ongepastheid van vermenging".

2.7. Op grond van die kommissierapport oor rasseverhoudings in die lig van die Heilige Skrif, het die 1961-sinode tot baie belangrike beginseluitsprake gekom. By nadere bestudering van die rapport van twaalf jaar gelede, is dit vir my as lid van daardie kommissie duidelik dat verskeie uitsprake en motiveringe duideliker en korrekter bewoord kon gewees het. Die sinodebesluite, na aanleiding daarvan, is toegespits op enkele kernbeginsels en is in die sin verdedigen beantwoordbaar. Vir sy tyd was dit 'n rigtinggewende rapport en sinodale uitsprake. Maar in die lig van verdere verwikkelinge het dit m.i. tog geblyk dat die aksente nie altyd op ewewigtige wyse gelê is nie. Lede van die kommissie sowel as van die sinode was nog te veel vasgevang in die denkpatroon van die tradisie.

2.8. Ek meen dat die volgende veral as voorbeelde kan dien. Terwyl *volkere*verhoudinge as maatstaf primêr gestel is, sluip die bose gees van *rasse*verhoudinge en -opvattinge nog veelal in die praktyke en beredeneringe in. Vergelyk die aangehaalde besluite oor gesamentlike dienste en nagmaalsviering. Elders kom duidelik na vore die neiging na 'n opvatting van 'n ongekompliseerde situasie van totaal afsonderlik wonende en werkende en kerkende volksgroepe sonder enige kontak en sonder kruisende paaie hoegenaamd. Deurgaans is die groepsbetrekkinge: kerk en kerk, volk en volk, selfs ras en ras, in fokus gebring met die persoonlike verhoudinge op die periferie. Ek skryf dit hieraan toe dat van die geregtigheidsbeginsel, toegepas op die groep, nie net in die staatsoptrede nie, maar ook in die kerklike praktyk eintlik meer tereg gekom het as van die gebod van die naasteliefde. Dwarsdeur ons volk tot diep in die hart van die Gereformeerde Kerk leef die vrees dat goeie persoonlike verhoudinge en erkenning van gelykheid, waar gelykheid in sosiale stand, ontwikkeling e.d.m. inderwaarheid bestaan, Afrikanerverraad en die begin van volksvernietigende integrasie is.

## 3. Die G.E.S. Lunteren en die Gereformeerde Sinode 1970

3.1. Bogenoemde rapport en die besluite van die 1961-sinode het die grondslag gevorm van die Gereformeerde Kerk se standpunt ten opsigte van rasseverhoudinge op die daaropvolgende Gereformeerde Ekumeniese Sinodes (1961, p. 119, D. 3. 5.).

3.2. Op die 1970-sinodes is die G.E.S. van Lunteren se besluite beantwoord met 'n rapport wat in gewysigde vorm sinodebesluit geword het. Daarin word na die volgende verwys:

3.2.1. „Ons sien die onderhawige probleem primêr as 'n volkereprobleem" (1970, p. 61, i.). Ek meen dat dit te eenvoudig gestel is. Die probleem *behoort* as 'n situasie van volkereverhoudinge gesien te word maar in die praktyk is dit in die kerklike *lewe* selfs nog oorwegend een van ras.

3.2. Geregtigheid en liefde word onderskryf as „beginsels en norme wat groepsverhoudinge betref" (1970, p. 62, 4. (a); 4. (d) a., b. en c.).

3.2.3. Lunteren se uitdrukking *onvervreembare regte* word gekwalifiseer as betekenende *Godgegewe voorregte* (1970, p. 63, c.).

3.2.4.1. Oor die eenheid in Christus sê Lunteren: „Vir die juiste begrip van die regte, gelykheid en waardigheid van mense, behoort ons alle mense te sien, nie alleen as skepsele van God na sy beeld gemaak nie, maar ook as diegene wat gesondig het en verlossing nodig het. Daarom behoort ons in ons verhouding tot medegelowiges die nuwe eenheid te erken wat alle Christene ongeag hulle ras, op grond van hulle verlossing in Christus het" (1970, p. 63, d.).

3.2.4.2. Die sinode van 1970 was nie bereid om die uitspraak te aanvaar nie „omdat die omskrywing te vaag is". Dit word dan so gemotiveer: „(1) Die nuwe eenheid lê nie net in die gemeenskaplike verlossing nie maar ook in die gemeenskaplike geloof en gehoorsaamheid aan die Woord van Christus. (2) Hierdie nadere kwalifisering is noodsaaklik in ons tyd van vae ekumenisme".

3.2.4.3. Met hierdie beswaar het ek probleme. In die konteks sowel as in die spesifieke bewoording van die betrokke paragraaf gaan dit spesifiek oor individuele menslike verhoudinge en dan nader aangedui as tussen *medegelowiges* en *Christene*. Die beswaar en die motivering sou m.i. geldig gewees het indien dit hier oor betrekkinge tussen geïnstitueerde kerke gegaan het. Menseverhoudinge is, soos hier bo betoog, een van die konkrete toestande waaraan die beginseluitsprake getoets word en waarop die wêreld se oë gevestig is. Die motivering kan tog nie ter sake wees indien dit betrekking moes hê op rasverskillende lidmate van dieselfde kerkverband nie.

3.2.5.1. „Gelowiges behoort deur die kerk, deur lering en tug, toegerus te word om God te dien in alle kringe van die samelewing, individueel en waar moontlik gesamentlik. Gelowiges behoort ook die gebod van liefde in rasseverhoudinge te verkondig en dit toepaslik te maak vir die sake van die burgerlike regering en die samestelling van die samelewing" (1970, p. 64, g.).

3.2.5.2. Die sinode aanvaar hierdie bewoording met 'n kwalifikasie: „mits ons onder kerk in die eerste sinsnede die kerk in sy amptelike werk verstaan. *Gelowiges* kan nie teenoor *kerk* gestel word nie, want die gelowiges is die kerk".

3.2.5.3. Dié kwalifikasie kom my enigsins as onnodig voor. Ek lees geen teenspraak tussen *kerk* en *gelowiges* in die betrokke sinsnede nie. Na my wete is die probleem in die benadering van Lun-

teren e.a. nie 'n teenstelling tussen kerk en gelowiges nie maar eerder 'n verwarring tussen die taak en optrede van die geïnstitueerde kerk en die roeping en optrede van die gelowiges in hulle ander lewensverbande. Dit meen ek is wat Lunteren in die tweede deel van sy stelling na vore wil bring: die harmonisering van die *lewe* van gelowiges en die *leer* (belydenis) van die kerk. Hier is die aandag toegespits op die onderlinge gesindheid tussen gelowiges van verskillende rasse *buite* die geïnstitueerde kerklike lewe.

3.2.6.1. Die volgende saak wat in die fokus van Lunteren betrek word, is die konkretisering van die gesindheid van naasteliefde *in* die kerk. „Die eenheid van die liggaam van Christus behoort tot uitdrukking te kom in gesamentlike aanbidding, insluitende die nagmaal, van Christene ongeag hul ras . . . Nietemin, die gesamentlike aanbidding van mense van verskillende rasse is 'n teken van die diepste eenheid van die kerk en kan 'n voorbeeld wees vir die lewe van die samelewing as 'n geheel" (1970, p. 64, k.).

3.2.6.2. Die sinode was nie bereid om hierdie stelling te aanvaar nie en gee sy motivering: „(1) Die plaaslike kerk is altyd volledige openbaring van die liggaam van Christus. Derhalwe hang die eenheid en die uitdrukking van die eenheid soos dit o.m. tot openbaring kom in die gemeenskaplike aanbidding en nagmaalsviering nie af van die rasgemengdheid of rassesuiwerheid van die gemeente nie. Anders gesê: die Liggaam van Christus is nie gebind aan rasse of volke in dié sin dat eers die samekoms van verskillende volke of rasse die eenheid tot uitdrukking bring nie. (2) Die laaste sin sê ,nietemin' impliseer ,trappe' in die eenheid van die kerk en wel só dat rasgemengde aanbidding beter die eenheid tot uitdrukking bring as wat andersins gebeur. Hieruit spreek 'n onsuiwer kerkbegrip. (3) Die eenheid word geopenbaar in die kerkverband".

3.2.6.3. Hierdie bly een van die mees wesentlike verskilpunte tot op die G.E.S. te Sydney. Dit kom my voor of, volgens die tydsomstandighede en plaaslike situasie uiteenlopende klem gelê word tot gevaar van ooraksentuering van aspekte van die geheel en dat gevolglik ook verwarrende bewoording (en uitleg) gebruik word. Die G.E.S. soos ook ander instansies, is geneig om in sy ekumeniese strewe die *uitdrukking van die eenheid* onbewustelik eensydig te beklemtoon veral ook deur koppeling aan die knellende rasseverhoudinge. Die vraag is egter ook of die Gereformeerde Kerk nie oorreageer na die ander kant en die twee so by mekaar verby praat nie? Eg. dink aan rasgemengde gemeentes en kerkverbande, lg. aan ongemengde plaaslike kerke, ten minste.

3.2.6.4. Lunteren druk op die noot van eenheid in gesamentlike aanbidding en nagmaalsviering (dit geld tog seker in beginsel alle sakramentsbediening?). Vir 'n praktiese en konkrete benadering moet die twee eintlik geskei of dan onderskei word soos die sinode van 1961 (vgl. 2.5.—2.8. hierbo) trouens ook gedoen het. Wat aanbidding betref, is dit duidelik en Skriftuurlik korrek gestel dat dit Skriftuurlik geoorloof is dat 'n erediens vir blankes deur nie-blankes bygewoon kan word, al is daar in die oorspronklike bewoording

sprake van *geen besware teen* en dat daarin nie verwys word na die eenheid van die Liggaam van Christus nie.

3.2.6.5. Laat ons hierdie diskussie toets aan die hand van drie moontlikhede:

a) Indien 'n sg. Blanke kerk sy deure sou sluit vir Nie-blanke *gelowiges* (sonder gemeentelike of kerkverbandlike betrekkinge met hierdie plaaslike kerk) wat behoefte het aan die Woordbediening, sou dit 'n verloëning van die eenheid van die Liggaam van Christus en van die belydenis van die gemeenskap van die heiliges wees?

b) Indien 'n sg. Blanke kerk Nie-blanke lidmate van 'n ander plaaslike kerk wat met eg. in kerkverband staan, bywoning van sy eredienste ontsê, is dit 'n aantasting van die belydenis ten opsigte van die eenheid van die Liggaam van Christus?

c) Indien 'n plaaslike kerk met Blanke en Nie-blanke lidmate eksklusiewe dienste vir die onderskeie rasgroepe hou, sou dit van of teen die belewing van die eenheid van die Liggaam van Christus getuig?

3.2.6.6. Met ander woorde die *erkenning* van die eenheid van die kerk as Liggaam van Christus word, om dit dan negatief te benader, weerspreek deur die *gesindheid* wat op grondslag van rasseverskille as sodanig isolasie in aanbidding en Woordbediening te weeg wil bring. Waar, aan die ander kant, die gesindheid van gelowige naasteliefde aanwesig is, sal daar nie struikelblokke — behalwe die kerkordelike reëlings wat vir *alle* lidmate geld — in die weg van *eensgesinde* gesamentlike aanbidding gelê word nie. Dit is duidelik dat beide Lunteren en die 1970-sinode bo-oor die werklikheid van „voorkomende gevalle" geredeneer het.

3.2.6.7. Hiermee is in hoofsaak ook 'n antwoord gegee op die sinodes van 1961 en 1970 se besluite vir sover dit die sakramentsbediening betref. Die eerste punt van die motivering van 1970 is korrek vir sover as wat dit gaan. Maar gaan dit ver genoeg? Veral wat die Nagmaal betref? Kerkregtelik word — as teken van organisatoriese of uitwendige eenheid van die kerk en dus van belydenis, leer en tug en van verwerkliking van die belydenis van die gemeenskap van die heiliges — tot die nagmaal in die plaaslike kerk toegelaat: 1. alle lidmate van die betrokke gemeente na ondersoek deur die kerkraad en 2. lidmate van gemeentes in dieselfde kerkverband (met getuienis van hulle onderskeie kerkrade). Sou in albei hierdie gevalle van die belydenis van die eenheid van die Liggaam van Christus iets tereg kom as lidmate op grond daarvan dat hulle van 'n ander ras is, weerhou word van deelname? Dit geld *mutatis mutandis* ook die bediening van die doop.

3.2.6.8. U sal merk dat ek nie net verwys na die eenheid van die Liggaam van Christus nie maar na die *belydenis* van daardie eenheid. Ons as mense kan immers nie Christus se Liggaam verdeel nie: ons kan slegs die eenheid verloën. Nou is dit korrek en noodsaaklik om die diepere geestelike eenheid van die kerk organisatories tot uitdrukking te bring in gemeentestigting en kerkverbandelike

reëlings. Ons gereformeerde klem op die eenheid van die kerk tesame met die volkomenheid van die plaaslike kerk is suiwer maar mag nie in inwendige teenspraak kom deur verskillende maatstawwe en optredes toe te pas na gelang van die rasaffiniteit van lidmate nie.

3.3.1. Die ander fokuspunt van belangstelling is die saak van gemengde huwelike. Dit kom my voor of Lunteren se stelling dít inhou dat, hoewel die Skrif geen duidelike oordeel gee oor die kwessie van rasgemengde huwelike nie, nòg die staat, nòg die kerk die reg besit om bloot op grond van ras-verskille huwelike te verbied of teen te gaan (1970, p. 65, 1.). Die Gereformeerde Kerk se sinode se basiese beswaar hierteen is dat die afleiding van die Skriftuurlike gegewens eensydig is. Die tweede punt in die sinode se motivering is vir my onduidelik tensy dit bedoel om te sê dat Lunteren se stelling t.w. „Die sluiting van 'n huwelik is primêr 'n persoonlike en familiesaak" onjuis is. Die huweliks*keuse* mag primêr 'n persoonlike en familiesaak wees; by die *sluiting* kom ten minste die staat met geprononseerde en erkende regte en pligte op die voorgrond.

3.3.2. Die saak wat nou nog uitgemaak moet word is of *ras* hetsy in beginsel en dus algemeen geldend of onder bepaalde omstandighede 'n geregverdigde en geldige grond is soos leeftyd, verwantskap en huwelikstaat waarop die burgerlike owerheid 'n voorgenome huwelik kan weier. Die sinode (1970) gee hierop geen antwoord nie. Is die beroepe op Esra 10 en Lev. 18 : 1—17 korrek as dit verder wil gaan as om 'n huweliksverbod op grond van geloofsverskille daarvan af te lees?

## 4. Die G.E.S. Sydney

4.1. Die jongste G.E.S. het sommige van die Lunteren-besluite gewysig en ander bloot (verduidelikend) aangevul.

4.2. In besluit 3. (70, p. 62—63, c.) is die sinode se besluit aanvaar en is *onvervreembare regte* vervang met *Godgegewe voorregte* (Agenda 1973, p. 253).

4.3. Besluit 4. (70, p. 63, d.) is gewysig om nou soos volg te lui: For the true understanding of the rights, equality and dignity of man, we should see all men as creatures of God, made in his image. *Being made in his image, man has a duty towards God and is responsible to Him according to the different gifts that God has given him.* But this man has also sinned and needs redemption. Therefore in our relation to fellow believers we should recognise the new unity, which all Christians, regardless of rase *or colour* have *fundamentally* in the redemption in Christ *and which expresses itself in the common faith and obedience to the Word of God".* Hierin is derhalwe gehoor gegee aan die opmerkings van die sinode van 1970. (Agenda 1973, p. 253). (Gekursiveerde dele is byvoegings deur G.E.S. Sydney).

4.4. Die volgende byvoeging geld besluit 5 (1970, p. 63, c.): „In this way alone they can fulfill their divine charge to bring the gospel to unbelievers of all races, recognizing them as fellow sinners". Dit bring geen afwyking of probleem nie.

4.5. 'n Aansienlike uitbreiding van besluit nr. 9 (1970, p. 64, f.)

wat deur ons sinode in elk geval aanvaar is, is aangebring. Dit lê heeltemal in lyn met die Gereformeerde Kerk se voorafgaande besluite sedert 1961 in die beklemtoning van wedersydse verantwoordelikhede en probeer om praktiese optrede aan die hand te doen ter bevordering van naasteliefde deur die geïnstitueerde kerk deur sy amptelike werk (Agenda 1973, p. 253/4).

4.6. Besluit 10 (1970, p. 64, j.): Die toevoeging betref die onderlinge verhouding van sendende kerk en die kerke wat deur die sending tot stand gekom en stem ooreen met die Gereformeerde Kerk se beleid en praktyk in hierdie verband (Agenda 1973, p. 254).

4.7.1. Besluit 11 (1970, p. 64, k.) wat nie deur die sinode van 1970 aanvaar is nie, lui nou soos volg: „The unity of the Body of Christ should come to expression in common worship, including the Lord's Supper, among Christians regardless of race. It may be that linguistic or cultural differences make the formation of seperate congregations often with their own type of preaching and worship advisable: in these cases it is wise not to force an outward *and therefore artificial* form of unity but to recognise the differentiation within the circle of God's people. *Even though different churches for different indigenous groups may exist no person may be excluded from common worship solely on the grounds of race or colour.* The worshipping together of people of different races, is a sign of the unity of the church and the sommunion of saints and can be a Christian witness for the life of the world" (Agenda 1973, p. 245). (gekursiveerde dele is bygevoeg deur G.E.S. Sydney.)

4.7.2. Die wysiging is m.i. 'n belangrike verbetering waarteen ons sinode nouliks enige gegronde beswaar kan inbring sonder om sy eie kerkordelike reëlings onder verdenking te stel. Die weglating van die gewraakte woord „nietemin" wis verdere misverstand ook uit. Ek meen dat 'n formulering gevind kan word wat albei sal bevredig.

4.8. Besluit nr. 12 (1970, p. 65, l.) is slegs gewysig deur die toevoeging van die woorde „on the grounds of race or colour". Wat in die Lunteren-besluit m.i. geïmpliseer is (vgl. 3.3.1.), word nou eksplisiet beweer. Wesentlik verander dit derhalwe niks aan daardie standpunt nie. Dit lyk asof die onus nou op die (Suid-Afrikaanse) gereformeerde kerke gegooi is om die teendeel te bewys. In sekere opsig het Sydney die saak egter nog oopgelaat deur by ledekerke aan te beveel om die bewoording van die (Suid-Afrikaanse) streekskonferensie te bestudeer (Agenda 1973, p. 254/5, 1. en 2.).

4.9. Besluit nr. 14 (1970, p. 65/6, n.) is ook soos volg aangevul: „For the practical implementation of this resolution the principles expressed in Matthew 18 : 15—17 are of the utmost importance. In the case of a difference between churches, churches should deal with the matter in accordance with Matth. 18 as well, preferably by using the existing organs of contact" (Agenda 1973, p. 255). Dit is eintlik 'n vanselfsprekende bepaling waarteen die Gereformeerde Kerk seker geen beswaar kan hê nie.

4.10. Oor die algemeen kan van die Sydney-besluite gekonstateer word dat dit die verskil in benadering met die Gereformeerde

Kerk en ander Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke heelwat kleiner gemaak het. Eintlik is die enigste saak van verskil die kwessie van gemengde huwelike. Dit is derhalwe te bevraagteken waarom die jongste sinode die verslag nie staande die sinode afgehandel het nie al sou die saak van gemengde huwelike dan nog na 'n kommissie van pre-advies verwys gewees het vir rapport op die volgende sinode.

## 5. Gestaltegewing aan liefdes- en geregtigheidsbeginsels

5.1. Dit is eintlik 'n onmoontlike opdrag om binne enkele minute 'n antwoord te gee op die vraag hoe, vanuit etiese gesigspunt, die geregtigheids- en liefdesbeginsel gestalte moet vind in Suid-Afrika. Selfs 'n blote inventaris van alle praktiese stappe en optredes sal die volle tyd vereis wat vir die doel van hierdie referaat toegelaat is. Ek sou dit kon saamvat met die stelling dat ons die volkereverhoudinge hier te lande moet normaliseer, d.w.s. dit op die vlak en binne die gedragspatroon bring wat ons volksverhoudinge met ander volke — Nederlanders, Duitsers, Grieke e.d.m. — kenmerk. Dit impliseer dat daardie rasse-element wat ons verhouding teenoor 'n Zoeloe anders maak as teenoor 'n Fransman (ek praat van individue op dieselfde vlak van ontwikkeling en beskawing) in toenemende mate uitgeskakel moet word. Dan geld vir almal dieselfde etiese norme.

5.2. *Volk tot volk-verhoudinge.* Formele geregtigheid word makliker verkry en gehandhaaf as 'n werklik etiese, d.w.s. één wat die suiwere vrug van die naasteliefde is en nie gebaar word deur wetlike dwang en of eie-belang nie. Vir sover dit groepsverhoudinge betref, het ons in Suid-Afrika redelike vordering gemaak betreffende regverdigheid in die staatlike, ekonomiese, sosiale sowel as kerklike sfeer. Die erkenning van die bestaansreg van afsonderlike volke met alle normale regte en voorregte van volke, d.w.s. eie vaderland en politieke beskikkingsmag, het reeds aansienlik gevorder. Dieselfde geld die onderwys op alle vlakke daarvan. Uiteraard is die uiteindelike doelpunt nog nie bereik nie. Die Bantoevolke het nog nie volkome staatkundige onafhanklikheid verkry nie, maar dit is hulle belowe. Die vaderlandsvraagstuk is slegs halfhartig aangepak. Die ekonomiese masjinerie kom stadig, te stadig in rat. Sosiale verhoudinge is nog nie genormaliseer nie; dit is nog veel eerder amptelik as spontaan. Die hele veld van lone, arbeidsmoontlikhede en -opleiding vra nog na ernstige besinning en optrede. Die toekoms van Kleurlinge en Indiërs is nog vaag en onbepaald.

5.2.1. In die kerklike lewe het die Gereformeerde Kerk onteenseglik 'n sterk en suiwere deurbraak gemaak met die instituering van die breëre kerkverband. Die vraag is egter of die betrekkinge hier nie ook nog veels te offisieus is nie met 'n sterk beperkende en skeidende invloed vanuit die geskiedenis van die rasseverhoudinge te lande. Blanke adviseurs en besoekers op meerdere vergaderinge van Bantoe- en ander gekleurde gelowiges, maar omgekeerd?

5.3. *Persoonlike verhoudinge.*

5.3.1. Hier lê ongetwyfeld die toets van al ons beginselbesluite m.b.t. liefde en geregtigheid as grondslag van ons onderlinge verhou-

dinge. Kan dit ontken word dat Blanke medegelowiges en medegereformeerdes anders ontvang word en 'n ander gesindheid geniet as Nie-blanke broeders in die geloof en in dieselfde kerkverband, sprekende van die toestande in die algemeen? Word ras nie nog maar in die plek van volk ingeskuif nie?

5.3.2. Terwyl die liberalistiese instansies glo in 'n utopiese vredestoestand wat in Suid-Afrika sal aanbreek sodat alle „apartheidswette" verwyder word, maak hulle bowendien 'n appèl op die Christelike liefde. Wat hulle, ook met alle eerlike bedoelings, vergeet, is dat alle inwoners van hierdie land nie Christene is nie, dat 'n deel slegs nominele Christene is en dat selfs die eerlike en ernstige Christene nog sondaarmense is. Die basiese drang na groepsvorming en die lewe in volksverband met sy politieke aspirasies, word verloën,

5.3.3. Daarteenoor het die Afrikaner oor die algemeen nog nie die neiging ontgroei om alle persoonlike toenadering en omgang tussen lede van Blanke en Nie-blanke volke as integrasie te vermy en te brandmerk nie. Hierin lê die swakheid in die pantser van die landsbeleid van afsonderlike (nasionale) ontwikkeling. Selfs wanneer teenstanders en vyande en vriende die bestaansreg van volke toegee, druk hulle nog die vinger op die houding teenoor en die behandeling van individue, met die beskuldiging van miskenning van hulle menswaardigheid.

5.3.4. U vra my na riglyne vir die prediking ten einde die twee leidende beginsels ook te laat beleef. Die belangrikheid van die prediking kan in hierdie opsig nie oorskat word nie. Ek is onbevoeg om 'n homilitiese voorskrif te verskaf. In ons prediking moet ons waak teen die uiterstes van 'n sosiale evangelie en 'n Woordverkondiging wat wêreldvreemd geword het en alle aardse euwels en probleme probeer vermy. Die gemeente is weliswaar verlostes maar moet nog steeds gedagtig gemaak en gewaarsku en vermaan word teen die sonde. Die Skrif bied tog alle nodige stof om die gewetens op te skerp tot barmhartigheid, bewoëndheid, geregtigheid met en teenoor alle mense; tot ontmaskering van liefdeloosheid en die vernasionalisering van die verlossingsboodskap. Die houding van die Joodse leiers en van die Judaïste en selfs van Jesus se dissipels in hulle nasionaal partikularistiese verwagtinge kan deur die prediking tot die harte spreek. Watter moontlikhede bied Jakobus se brief oor geloof en werke, Jesus se uitsprake oor die arbeider en sy loon, Paulus se brief aan Filemon in hierdie verband?

5.3.5. Ten slotte, moet die prediking nie verder opgevolg word deur Bybelstudie en bespreking, toegespits op die brandende vraagstukke van ons volkereverhoudinge nie? Watter rol kan die J.V.'s, weliswaar geen „kerklike" organisasie nie maar tog bestaande uit lidmate van die kerk, in hierdie verband speel nie? En die huisbesoek? Ek is besonder bedug vir die gevaar wat ons orals merk nl. dat die geïnstitueerde kerk hom wil uitspreek oor wat loonskale en die toestaan van vakunies of stemreg behoort te wees. Dit is nie die werk van die kerkraad of van sinodes om leiding te gee in die praktiese sake nie. Die kerk se taak is om die Woord van Christus te bring en

dit só te bring dat die lidmate Sondag se preek Maandag en vir die res van die week kan gaan toepas in alle ander sfere van hulle lewens, ook en vandag veral wat hulle houdings teenoor, hulle verhoudinge met en hulle optrede ten opsigte van anderrassiges betref.

Prof. dr. J. H. Coetzee.

Gelewer voor G.T.V.-Jaarvergadering, Pretoria, Junie 1973